



*Die ou spoorbrug van die NZASM oor die Apiesrivier by Pretoria voor die aanlê van die Maria van Riebeeckweg in 1960-1961, vanuit die noorde gesien*

Foto uit *Gedenkboek uitgegeven ter Gelegenheid van de feestelijke opening van den Delagoabaaispoorweg'*, Amsterdam 1895

Met dank aan T.E. Andrews



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Oostelike landhoof van die NZASM oor die Apiesrivier - op 18 Julie 1984 gesloop - vanuit die noorde gesien*
Foto: T.E. Andrews



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## VYFTIG JAAR WERKSAAMHEID VAN YSKOR

**deur C. de Jong**

In 1984 is dit 50 jaar gelede dat die bedryf van Yskor in Pretoria in werking gestel is en met die produksie van ru-yster begin het. Yskor is die gebruiklike afkorting van 'Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk', in Engels afgekort as 'Iscor'. Daarmee is in 1934 'n mylpaal in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika bereik. Die nuusmedia het dan ook in 1984 ruim aandag aan hierdie gebeurtenis gegee.

Na aanleiding daarvan vestig ek die aandag op twee episodes in Yskor se omstrede voorgeskiedenis. Die eerste episode was die optrede van Cornelis Frederik Delfos (1868-1933) as propagandis en wegbereider van Yskor. Hy is gebore in Rotterdam, Nederland, in 1868 en opgelei as metaalbewerker en daarna as ingenieur. Toe Transvaal na die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand in 1886 ekonomies vinnig ontwikkel het, het hy en sy broer Johannes Jacobus Frederik dié land in 1890 besoek om die moontlikheid van 'n metaalbewerkingsbedryf na te gaan. Hulle het eers Philippolis in die suidelike Vrystaat besoek, vermoedelik om vriende te ontmoet. Dit verklaar dat Johan later ná hul vestiging in Pretoria met Mary Sem in die kerk te Philippolis getroud is. Mary se vader was immigrant uit Nederland en het tydens sy terugreis ná 'n verblyf in Nederland op die skip oorly. Mary het daarna by familie in Philippolis gewoon, tot sy met Johan getroud is. 'n Dogter van Johan en Mary, Johanna Geertruida, het op 5 Oktober 1984 in Pretoria haar 90ste verjaardag gevier, aldus *Nieuws van de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria,* Oktober 1984, p.10.

Cornelis en Johan Delfos het Pretoria en nie die opkomende mynstad Johannesburg as vestigingsplek gekies. Miskien het hulle geredeneer dat die mededinging in die hoofstad minder straf as in Johannesburg sou wees. Hulle het in 1892 met personeel uit Nederland teruggekeer, 'n werkswinkel op die noordooshoek van die kruispunt van Andries- en Vermeulenstraat gevestig en baie uiteenlopende werk verrig. In die oorlog in 1899-1902 het hulle krygstoerusting vir die republikeinse regering gemaak.

Die oorlog het onder Britse besetting hul bedryf stilgelê en die broers Delfos en hul gesinne is weggestuur uit Suid-Afrika. Hulle het na die oorlog die bedryf heropen, maar Johan het weens kwynende gesondheid na Nederland teruggekeer en daar in 1907 gesterf. In dieselfde jaar het 'n derde ramp die broers getref. Die swaar depressie in 1903-08 in Suid-Afrika het die bankrotskap van die bedryf veroorsaak. Dit het 'n bankskuld van £4000 - grotendeels aan die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (tans Nedbank genoem) en langlopende skulde van ongeveer £18 000 gehad. Die skuldeisers het 'n vergoeding van 10% van hul vorderinge gekry. Die hoofbestuurder van die Nederlandse bank, H.C. Jorissen, het groot vertroue in sy vriend Cornelis Delfos gestel en die bedryf se besittings oorgeneem in ruil vir die bank se vordering. Hy het Delfos weer as bestuurder vir £50 per maand aangestel, hoewel die bank se hoofbestuur in Amsterdam min vertroue in die saak gestel het. Die saak het geleidelik beter gegaan toe die goudproduksie uitgebrei is en die goudmyne meer bestellings - veral van rotsbore - by Delfos geplaas



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het. Die konjunktuur het verbeter en in 1911 het die goeie wending vir die dapper Delfos gekom. Toe is die bedryf in 'n aandelemaatskappy met 'n kapitaal van £10 000 omgesit. Daarvan het die Nederlandse bank £3000 aandele geneem, private persone soos Abe Bailey, Maggs en Thomas Cullinan wat Delfos vertrou het, saam £4000, vriende in Nederland, veral die familie Van de Wall Bake - van die eerste hoofbestuurder van die NZASM - en die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland te Amsterdam, wat uit die NZASM in 1908 voortgekom het – £2000, en Delfos het £1000 gekry. Hy was daarna weer selfstandig en sy sake het ondanks wisselvallighede vooruitgegaan.

Daar was verskeie bedrywe in Suid-Afrika wat voor 1934 yster en staal uit skroot gemaak het. Delfos het hom beywer om yster en staal en artikels daarvan uit inheemse ertse en steenkool te maak. Hy het daarvoor in 1920 na die oorlogstyd met skaarste aan yster en staal die South African Iron and Steel Corporation te Pretoria gestig. Hy het tussen 1918 en 1921 ru-yster geproduseer. Die stigting van 'n veel groter hoogoondbedryf het as 't ware sy lewensroeping geword. Sy inspanning en opofferings het tenslotte geslaag. Na sterk teenkanting in die Unie-Parlement en daarbuite is in 1928 die wet tot oprigting van Yskor met deelname en steun van die regering aangeneem. Delfos was daarby feitlik die regering se nie-amptelike raadgewer tydens die moeisame totstandkoming van die wet op Yskor in 1928. Hy is teleurgestel toe belasting van die Regering se vergoeding vir sy baie opofferings gehef is en hy het daarteen tevergeefs hof toegegaan. Hy het 'n leidende pos by Yskor afgewys omdat hy hom te oud gevind het.[1] 'n Paar maande voor die inbedryfstelling van Yskor, in 1933, het hy in Pretoria gesterf. Soos Moses het hy die land van sy verwagting - Yskor in werking - van ver gesien maar nie binnegetree nie.

Sy biograaf D.P. van Rheede van Oudtshoorn het geskryf: 'Die nageslag het sy groot en deurslaggewende bydrae aan die Suid-Afrikaanse staalindustrie nie gewaardeer nie.'[1] Dit is en was gelukkig nie meer die geval nie. Daar is spoedig borsbeelde van hom deur die bekendste beeldhouer in Suid-Afrika, Anton van Wouw, gemaak. Een is op 25 Februarie 1936 in die stadhuis van Pretoria onthul. 'n Ander eksemplaar is op die terrein van Yskor in ons stad geplaas. Die Eerste Minister P.W. Botha het in sy gedenkrede by Yskor op 4 April 1984 gesê: 'Hier dink ons in besonder vandag aan die man wat hom so onvermoeid beywer het vir die vestiging van 'n eie yster- en staalbedryf wat op die ontginning van inheemse grondstofbronne gebaseer sou wees - CORNELIS DELFOS. Hy het hom nie deur teenslae van stryk laat bring nie en alles in die stryd gewerp vir die verwesenliking van sy grootste ideaal deur selfs die Kabinet van sy tyd tot sy insig te oortuig. Hy word vandag tereg as die 'vader' van Yskor beskou, en ons bring hulde aan hom vir wat hy vermag het, maar nie in sy leeftyd tot volle ontplooiing kon sien kom nie. Dit is gepas dat die gebou by die hoogoond wat hy destyds hier naby in bedryf gestel het, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en deur Yskor as 'n museum ingerig is wat sy naam dra'.

Die tweede episode in Yskor se voorgeskiedenis wat wel amper halfvergeet is, omvat die ondersoek deur die Gute Hoffnungshütte in 1924 wat die stoot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tot die stigting van Yskor gegee het. In 1920 het Delfos Europa besoek en in Brittanje advies gevra oor die stigting van 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika. Die advies was nie so ongunstig as wat Van Oudtshoorn skryf nie, indien ons die uitvoerige werk van professor C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa'* (Johannesburg 1940) mag glo nie.[2] Deskundiges het die lewensvatbaarheid van so'n bedryf beaam, maar daar was 'n depressie en oorkapasiteit in die yster- en staalnywerheid van die meeste lande en Delfos kon in Europa geen kapitaal vir so 'n bedryf in Suid-Afrika vind nie.

In 1924 was die ekonomiese toestand beter en die Eerste Minister J.C. Smuts het die Union Trade Commissioner op die Europese vasteland, Karl Spilhaus, opgedra om belangstelling vir 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika te wek. Weens die geringe belangstelling in Brittanje het die regering toe na die Vasteland gekyk. Spilhaus het die groot Duitse bedryf Gute Hoffnungshütte by Oberhausen in die Ruhrgebied bevra. Volgens Van Oudtshoorn het Delfos die bedryf gevra, maar Richards vermeld niks daarvan nie. Die Duitse bedryf het in Februarie 1924 'n span deskundiges vir ondersoek gestuur. Hulle was Heckel, H. Kipper en F. Lilge namens die Gute Hoffnungshütte en H. Philippi en F. Reusch namens Nederlandse belangstellendes. Hulle het vier maande in Suid-Afrika gebly, op 8 April 1924 'n voorlopige verslag uitgebring, en op 4 Februarie 1925 hul lywige eindverslag, gedateer in Oberhausen, aan die Unieregering gestuur. 'n Tweede eksemplaar is aan Delfos gestuur.

Die verslag was in Duits opgestel. Die griffie van die Unie-Parlement het 'n uitvoerige uittreksel van 194 digbedrukte bladsye in Engels gemaak. Dit is in 1928 as dokument van die Senaat gedruk en versprei. Volgens Richards is die Engels van hierdie publikasie baie swak. Die oorspronklike dokument in Duits is nooit gepubliseer nie en selde gebruik, hoewel Delfos daarvan 'n eie vertaling in Engels gemaak het. Virsover ek weet is Richards die enigste skrywer wat hierdie belangrike verslag nie slegs vermeld nie maar ook redelik uitvoerig bespreek het.[3]

Die verslag het die stigting van 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika met stelligheid aanbeveel. Die gevolgtrekking daarvan lui: 'Finally the question as to whether the undertaking will be a commercial success must be answered in the affirmative. The economic bases are thoroughly sound, and with the increase of production an increase in the profits of the undertaking can be counted on'.[4]

Die verslag het Pretoria as vestigingsplek aanbeveel. Dit was in ooreenstemming met die wens van Delfos en van die Unieregering wat graag nywerhede by Pretoria wou vestig. Delfos kon tevrede oor die verslag wees.

Verwysings

1. Aldus Delfos se biograaf, D.P. van Rheede van Oudtshoorn, in die artikel 'Delfos, Cornelis Frederik' in *South African Dictionary of Biography,* deel 2, Pretoria en Kaapstad 1971, p.170 (ook in Afrikaans uitgegee). Die biograaf berig dat Delfos die voorsitterskap van die nuwe direksie van Yskor geweier het omdat hy van mening was dat 'n jonger man die bedryf moes ontwikkel. Maar die brosjure *Opening van die Yster- en Staalfa-*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*briek te Pretoria, 1934'*, Kaapstad 1934, vermeld Delfos as direkteur tot sy oorlyde in 1933, saam met Dr. H.J. Vanderbyl, J.H. Dobson en Dr. A.J. Bruwer.

2. C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa, with special reference to the South African Iron and Steel Industrial Corporation Ltd. (Iscor), more particularly in its relation to the gold-mining industry in the Transvaal,* Witwatersrand University Press, Johannesburg 1940, 471 pp. met uitvoerige bylaes, t.a.p. p.70-71.
3. Richards, t.a.p. verwysing 2 hierbo, p.83-96.
4. Richards, t.a.p. verwysing 2 hierbo, p.95.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# 1884-1984: NA DIE KONVENSIE VAN PRETORIA DIE KONVENSIE VAN LONDEN

**deur C. de Jong**

Tydens die Eerste Anglo-Boere-oorlog in 1880-81 het Pretoria 'n Britse garnisoen gehad en is die dorp deur die opstandige Transvalers beleër. Daarom was die regeringsetel van die herstelde Transvaalse republiek in Heidelberg gevestig. Ná die vrede het Pretoria weer regeringsentrum en hoofstad geword en daar is die finale vredesverdrag - die Konvensie van Pretoria - gesluit.

Die oorlog in 1880-81 was kort maar fel. Die Transvalers het in drie gevegte in Noord-Natal, op Laingsnek, by Schuinshoogte en op Majoeba, die klein Britse leër verslaan. Op 6 Maart 1881 het die Britse leërleiding wapenstilstand gesluit. Op 21 Maart 1881 is vrede gesluit en 'n Koninklike Kommissie sou die vredesverdrag opstel. Hy het in Julie die ontwerpvredesverdrag aan die Transvaalse regering voorgelê; dit was die driemanskap Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius, wat weer in Pretoria vertoef het. Hulle het die ontwerp na die Volksraad gestuur. Die Volksraadslede was diep teleurgestel, want die ontwerpverdrag was baie minder gunstig as wat die Britte in Maart 1881 voorgespieël het. Die lede het van die 33 verdragsbepalings die volgende beslis ongunstig gevind:

1. Die herstelde republiek sou 'Transvaal State' heet in plaas van 'Zuid-Afrikaansche Republiek', die naam van voor die Britse anneksasie in 1877.
2. 'n Britse Resident sou as 'n soort Hoë Kommissaris in Pretoria setel.
3. Wette betreffende Swartes moes deur die Resident goedgekeur word blykbaar om die Swartes te beskerm teen slawerny en ander misbruike.
4. Die Britse regering mog in tyd van oorlog of onrus troepe deur Transvaal stuur.
5. Die Britse regering het die 'susereiniteit' - dit was 'n ruim mate van beheer - oor Transvaal behou, naamlik seggenskap in die betrekkings tussen Transvaal en ander moondhede.
6. Die skulde wat die Britse bestuur in die anneksasietyd 1877-1881 in Transvaal aangegaan het, sou vir rekening van die herstelde republiek kom.
7. Transvaal sou grondgebied aan die wesgrens verloor.
8. Swaziland, wat in 1875 protektoraat van Transvaal geword het, sou onafhanklik word.

Die Transvaalse regering het tevergeefs beswaar by die Britse regering onder William E. Gladstone gemaak, en die verdrag op 1 Augustus 1881 onder protes onderteken. Dit was die Konvensie van Pretoria. Blykbaar wou die Britte geen toegewings meer maak en bepaalde, al dan nie vae, beloftes nie nakom nie om hul beskadigde prestige nie verder te benadeel nie.

Met die Konvensie van Pretoria was die naspel van die Eerste Anglo-Boereoorlog en die herstel van die Zuid-Afrikaansche Republiek nog nie voltooi nie. Dit het 'n bron van nuwe geskille geword. Transvaal was verarm en het amper beswyk onder die las van sy staatskuld, en 'n diep ekonomiese depressie het in 1881-86 in die hele Suid-Afrika geheers. Swart stamme aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wesgrens het oproerig gebly, maar die Transvaalse regering mog nie flink teen hulle optree nie. Daarom het teen die einde van 1883 'n derde Transvaalse deputasie van drie regeringslede - onder wie andermaal Paul Kruger - na Brittanje gereis om toegewings te vra. Die eerste en tweede deputasie het in 1877 en 1878 in Londen tevergeefs om herstel van Transvaal se onafhanklikheid gevra. Die derde afvaardiging het die Britse regering in 'n toegeefliker stemming aangetref en meer resultate verwerf. Hy het bestaan uit Staatspresident Kruger, generaal N. Smit, die held van Majoeba, en Ds. S.J. du Toit, superintendent van onderwys en leier van die Eerste Afrikaansetaalbeweging. Hulle het 27.2.1884 die Konvensie van Londen onderteken en die volgende toegewings verkry:

1. Transvaal het die naam Zuid-Afrikaansche Republiek herkry.
2. Die Resident se amp in Pretoria is opgehef. Hy is vervang deur 'n gewone konsul sonder seggenskap in binnelandse sake van Transvaal. Geen toestemming van 'n Resident was meer nodig om wette betreffende Swartes goed te keur nie.
3. Brittanje het afgesien van sy reg om troepe deur Transvaal heen te stuur.
4. Die Transvaalse staatskuld is verminder van £391 000 na £127 000. Brittanje het die verskil vir sy rekening geneem.
5. Transvaal het grondgebied aan sy Wesgrens bygekry.

In die volgende artikels het die Britse regering egter op sy stuk bly staan:

a. Volgens Artikel 4 moes die Britse regering verdrae tussen Transvaal en ander moondhede - met uitsondering van die Oranje-Vrystaat - en tussen Transvaal en swart volke aan sy Wes- en Oosgrens goedkeur.
b. Swaziland het onafhanklik gebly.
c. Britse onderdane mog hulle in Transvaal vry vestig, grond koop en sake dryf en mog nie swaarder as ander inwoners belas word nie. Transvaal moes derhalwe sy grense wat in 1877 vir Britse onderdane geopen is, oop hou en het dan ook 'n instroming van Indiërs toegelaat, terwyl die Oranje-Vrystaat Indiërs geweer het.
d. Transvaal mog op goedere uit Britse gebiede - Brittanje ingesluit - geen hoëre invoerregte as op goedere uit ander lande hef nie.

Die ongewilde term 'susereiniteit' is geskrap en het in die Konvensie van Londen verdwyn, maar met hierdie verdrag het die Britse regering 'n voet in die deur na Transvaal gehou. Hy het dit gebruik om in 1896-99 hom in die binnelandse sake van Transvaal in te meng en onder meer spoedige stemreg vir vreemdelinge in Transvaal gevestig te verlang. Hierdie inmenging het in 1899 tot oorlog gelei.

In 1884 by die ondertekening van die Konvensie van Londen is egter skynbaar ontspanning of détente tussen Brittanje en Transvaal ingelui. Die derde deputasie het voldaan uit Londen na die Europese vasteland vertrek. Ook daar het hy veelbelowende toeseggings ontvang, veral in Nederland. 'n Klein maar invloedryke groep Nederlanders het hom bereid verklaar om die amper



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bankrotte republiek te help en daar ontwikkelingsprojekte te begin, met name die aanleg van die Oosterlyn van Komatipoort na Pretoria en die stigting van 'n handelsbank. Vanjaar herdenk ons die Konvensie van Londen as 'n mylpaal in die geskiedenis.

Bron: F.A. van Jaarsveld en Theo van Wijk, *Geïllustreerde geskiedenis vir die Senior Sertifikaat Standaards 9 en 10,* Voortrekkerpers, Johannesburg 1965 en later drukke.

## HERDENKING VAN PRINS WILLEM I VAN ORANJE TE PRETORIA IN 1933

**deur C. de Jong**

In 1984 herdenk die Nederlanders in en buite Nederland - onder meer te Pretoria - die dood van Prins Willem van Oranje op 10 Julie 1584. Hierdie herdenking is aanleiding om terug te kyk na die herdenking van die Prins se geboortedag op 24 April 1533 te Pretoria in 1933 - 'n luisterryke plegtigheid.

Die Nederlanders in Suid-Afrika, onder meer in Pretoria, het gewoonlik die hoogtydae van die volk in Nederland saamgevier, ook die feesdae en roudae van hul vorstehuis, die Oranje-Nassaus. Nederlandsgesinde Afrikaners het graag hul byeenkomste bygewoon. Die geboortedag van hul nasionale held, Willem I van Oranje-Nassau, bygenaamd 'die Swyger' (1533-1584), is in 1933 nie slegs in Nederland nie maar ook in Pretoria uitvoerig herdenk. Op Sondagaand 23 April 1933 het professor S.P. Engelbrecht van die Nederduitsche Hervormde Kerk, waaraan talle Nederlanders behoort het, 'n herdenkingsdiens in die kerk aan Du Toitstraat gelei. Die diens is goed bygewoon. Sy teks was Psalm 97 vers een: 'De Heer regeert, de aarde verheugt zich'. Sy vurige preek was gewy aan Willem van Oranje as die Vader des Vaderlands. Die Eerste Minister J.B.M. Hertzog, Minister N. Havenga, generaal J. Kemp, Minister F.G.W. Grobler, Dr. W.A. Lorentz, die Nederlandse gesant, professor M. Bokhorst, direkteur van die kort tevore gestigte Nederlands Cultuurhistorisch Instituut, en professor D. Pont van die Universiteit van Pretoria was onder die aanwesiges.

Op 24 April 1933, die Prins se geboortedag, het 'n byeenkoms in die Voortrekkergedenksaal gevolg. Toesprake is gehou deur generaal J.C. Smuts, professor S.P. Engelbrecht en professor M. Bokhorst. Die 'Zanglust'-koor onder leiding van professor G. Bon het gesing, soos ek vermoed van die pragtige liedere in *Valerius' Gedenkklank.* Die redakteur van die *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika,* C. Plokhooy, het in die uitgawe van 6 Mei 1933 verslag hiervan gedoen.

Interessant is dat die Bloemfonteiners nie wou agterbly nie. Hulle het die Prins op 'n oorspronklike en gedurfde wyse herdenk met die opvoering van 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ou verhoogstuk van die bekende 19de-eeuse skrywer H.J. Schimmel. Die stuk heet 'Joan Woutersz'. Dit is die naam van die stuk se held, offisier in die Prins se leër. Hy red Oranje van twee moordaanslae en sterf by die tweede aanslag. Dit is 'n baie romantiese en patriotiese drama, maar vol spanning en aksie, want Schimmel was 'n goeie toneelskrywer en stigter van die eerste toneelskool in Nederland. Nie toevallig het die uitgewer Maskew Miller in Kaapstad 'n paar jaar tevore die stuk met toeligting vir lesers in Suid-Afrika her-uitgegee nie.

Die verhoogstuk is in Bloemfontein opgevoer onder leiding van Willem Frederik Mondriaan, joernalis en broer van die bekende abstrakte skilder Piet Mondriaan, en Mnr. Vertenten. Die eerste opvoering op 21 April 1933 was vir die jeug, die tweede was op 24 April, die herdenkingsdag, en bestem vir volwassenes, onder wie die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, C.T.M. Wilcox, Dr. N.J. van der Merwe en regter F.W. Beyers. Daar was selfs besoekers uit Brandfort en Kroonstad.



*HUIS KIRKNESS, tekening van H. Meiring*

Uit: Hannes Meiring, 'Pretoria 125'
uitgegee deur Human & Rousseau
Kaapstad 1980



Digitised by the University of Pretoria, Library Services